

1. Om ons Clivia plante periodiek tydens warm dae met mikrosuipe se misnewel te benat.
2. Om die vloer en mure van ons kweekhuis met die tuinslang nat te spuit en sorg te dra om nie direk op die groeimedium te spuit nie, anders oorbenat ons die Clivias met slegte kraanwater.
3. Om 'n hooggeplaaste badskottel op 'n rak met water te vul. Vanuit die badskottel hang daar 'n handdoek in sy lengte na benede wat met bakstene binne die skottel met water ge-anker is. Die hele handdoek vorm nou 'n pit en water kruip kapiler oor die skottelrand na benede en hou die handdoek deurlopend klam. 'n Elektriese waaier blaas lug loodreg op die klam handdoek en versprei koel vogtiger lug na die res van die kweekhuis-ruimte. Bogenoemde metode is Dr. Jan Stemmet se praktiese plan om sy ogidiëe vogtiger en koeler te hou.

By enige verdampingsverkoelingsopset is daar 'n paar dinge om in die praktyk dop te hou.

1. Pasop vir oordaad. Indien jy oorbeveg styg die humiditeit so hoog dat swamme in die natomgewing begin groei en nuwe bedreigings bring.
2. Hou jou lugstroombaan altyd oop na buitelug om oorbevochtiging teen te werk wat ook die verkoelingseffek ondergrawe.
3. Indien die verdampingsmedia met water gevoer word wat opgeloste soute bevat sal die verdampingsmedia toekalk en later vervang moet word. Goeie gehalte water hou die instandhoudingskoste laag.
4. Die hoeveelheid water wat verdamp is veel meer as te wagte en outomatiese aanvulling is aangewese met byvoorbeeld 'n balklep. Ek is te vergeetagtig om water gereeld aan te vul.

Indien ek weer 'n Clivia-huis bou, sal daar 'n natmuur plus waaier of 'n natbolverdamer ingebou wees vir heilsame verkoeling en bevochtiging wat min loopkoste en instandhouding verg tydens warm en droë periodes so eie aan die Vrystaat.

Koot van Rensburg

Boeke Beskikbaar

Boek	Prys
Jaarboek 1	R30
Jaarboek 2	R30
Jaarboek 3	R30
Jaarboek 4	R50
Jaarboek 5	R50
Jaarboek 6	R50
Jaarboek 7	R50
Jaarboek 8	R50
Kweek van Clivias	R50
Cultivation of Clivias	R50
CD: Rudo Lotter / "Interspecific Hybrids"	R125

Kontak Persoon: Morkel Terblanche / 083 303 7825

Free State

Vrystaat

Clivia Club

Clivia Klub



Newsletter / Nuusbrief

8

Winter / Winter 2007

PORTEFEULJE : NUUSBRIEF

REDAKSIE

- Jan Stemmet
- Ina Leamy
- Koot van Rensburg
- Attie van der Colf

CLIVIA-KLUB

KOMITEE-LEDE

Voorsitter	:	Hennie van der Mescht
Onder-voorsitter	:	Neil Nathan
Sekretaris	:	Morkel Terblanche
Finansies	:	Neil Nathan
Publieke Skakeling en Advertensies	:	Ina Leamy Tjocks Visser
Navorsing	:	
Nuusbrief	:	Jan Stemmet
Skou	:	Piet Laubscher

DIE VOLGENDE PERSONE KAN GERAADPLEEG WORD VIR HULP EN LEIDING

* Hennie van der Mescht	051-5229530
* Piet Laubscher	051-5228963
* Ina Leamy	051-5224882
* Prof. Johan Spies	051-4511886
* Neil Nathan	051-5226236

Skakel verkieslik na 19.00 op woensdae.

Cover Photo: Hennie van der Mescht
Plant: Hennie van der Mescht
Interspecific.

HUMIDITEIT BEVORDER CLIVIAGROEI EN WERK WORTEL VROT TEEN.

In ons nuusbriewe was gepoog om die Clivia-groeiomgewing en hul voedsel- en waterbehoefes te omskryf. Een baie belangrike vereiste om Clivias gelukkig te kry is dat hul van klam koelte plekke hou soos in die koeler bosvloer. Dit dui op hul behoefte vir hoër humiditeit in die omgewingslug soos dit binne die bos bestaan teenoor die warmer en droër lug buite die bosomgewing. In die Vrystaat is daar vir lang periodes omgewingslug met 'n lae humiditeit weens die afwesigheid van reën en in die winter daal die nag se humiditeit elke nag na nul omdat alle beskikbare lugvog as ryp neerslaan. Gevolglik behoort ons die humiditeit in ons kweekhuise of tuine aan te vul vir die kweek van Clivias.

In Hylton, Natal groei Clivias wild en sonder sorg in net 3 jaar tot blom omdat hul gereeld misreën in die klam misgordel kry. Daarenteen is dit 'n prestasie om 'n Clivia in die Vrystaat tot blom te troetel in 5 jaar. Die opmerklike verskil is veel laer deurlopende humiditeitsvlakke en langer en warmer dor hittegolffperiodes in die Vrystaat. Gevolglik is dit nodig om klammer omgewingslug oor die Clivias te sirkuleer veral tydens warm droë weer in die Vrystaat.

Die vraag is nou hoe kan ons dit relatief maklik en goedkoop regkry? Die goedkoopste en maklikste metode is om met verdampingsverkoeling deurlopend vog (water) tot die Clivia omgewing toe te voeg. Dit sal die relatiewe vogtigheid verhoog en terselfdertyd die omgewing afkoel weens die hitte benodig om die bygevoegde vog te verdamp. Twee omgewingstoestande bepaal die graad van vogtigheid in die lug naamlik die droëbol temperatuur en die natboltemperatuur van die lug. Die droëbol-lugtemperatuur is die temperatuur wat die normale termometers aandui. Die natbol-lugtemperatuur is daardie temperatuur wat 'n droëboltermometer sal aandui wanneer sy kwikbal met 'n pit omhul word wat water kapiler uit 'n waterbron opsuig en deurlopend vanaf die kwikbol verdamp. Die natboltemperatuur is altyd laer as die droëbol-lugtemperatuur. Hoe groter die temperatuur verskil hoe droër is die omgewingslug en hoe nader aan mekaar dui dit op 'n vogtiger lugomgewing.

Veronderstel dat dit 'n warm dag is, sê 30 grade Celsius. Iemand kom en bespuit jou deurnat met water ook teen 30 grade C. Voordat jy nat gespuit is, was jy onbehaaglik warm. Pas nadat jy natgespuit is, is jy nog steeds onbehaaglik warm teen 30 grade C. Maar nou begin jou klere om van die vog te verdamp en trek hitte vanaf jou warm liggaam af om dit mee te verdamp. Gou begin jou liggaam om af te koel want die latente hitte van water is hoog en vra dit veel hitte om 'n klein hoeveelheid water te verdamp. Hoe langer die verdampingsproses aanhou hoe laer daal jou liggaams-temperatuur totdat jy gou onbehaaglik koud begin voel desondanks die warm omgewingslug van 30 grade C. want jou liggaam koel natuurlikerwys af tot die natboltemperatuur van die omgewingslug. Hoe droër die omgewingslug, hoe laer sal jou liggaamstemperatuur daal en hoe vogtiger die omgewingslug hoe minder sal jou liggaamstemperatuur daal want by 100% relatiewe vogtigheid is geen verdamping moontlik nie en sal beide die natbol en droëboltemperatuur dieselfde wees.

Ons omgewingslug bestaan altyd uit twee vermengde onsigbare dele naamlik lug en waterdamp (lae druk stoom). Die omgewingslug is in wese 'n waterdraer en vorm die basis van die reënproses. Hoe meer vog in die lugmengsel, hoe hoër is die humiditeit en omgekeerd. In die voorbeeld in die vorige paragraaf genoem, word daar voortdurend vog verdamp en tot die omgewingslug toegevoeg. Gevolglik koel die benatte oppervlakte af en die omgewingslug word vogtiger; beide hierdie omstandighede behaag en bevorder ons Cliviaplante se groei.

Bogenoemde bevochtigings en verkoelings-meganisme van verdampingsverkoeling vergestalt homself in allerlei vorme en begin by die nat sak oor die waatlemoen by die piekniek, verder verby die plaaskoeler waar nat klinkermure 'n klein vertrek by natboltemperatuur hou, tot by moderne vrystaande water-verdampingseenhede in vertrekke.

In kweekhuise word van die natmuur-metode gebruik gemaak waar buitelig eers deur die klam lugdeurlatende muur gesuig word en verder oor die lengte van die tunnel oor plante geblaas word. Veel eenvoudiger en goedkoper opsette kan deur onself geskep word soos:

- 1.) Voed die plant aan die eiende van Julie met 3:1:5 of 5:1:5. Gebruik verkieslik 'n organiese voeding waar moontlik. Wortelvoeding soos 2:3:2 word in die maande voor die winter gegee. Voeding sal min of geen uitwerking hê indien die PH van u grond nie reg is nie. PH moet tussen 5.5 en 6.5 wees. 'n PH meter kan van u plaaslike kweker gekoop word.
- 2.) Draai die plant gereeld sodat die blom en blare nie net in een rigting groei nie.
- 3.) Dit help om die plante 'n bietjie skoon te spuit voor dit blom. Was voor die skou met 50 % melk en 50 % water.
- 4.) Om die blom en blomsteel aan te help, kan die plant op 'n warmer plek met genoeg lig geplaas word.
- 5.) Om die blom 'n bietjie te vertraag, kan die plant op 'n koel plek geplaas word.
- 6.) Sorg dat die plant nie te droog word wanneer dit blom nie.
- 7.) Blomme kan gestut word indien u bang is die blomsteel sal breek. Verwyder die stut by die skou. Die stut kan bly indien dit nie die blom regop hou nie. Beoordelaars kyk gewoonlik of dit die geval is. Indien wel, sal die blom gepenaliseer word.
- 8.) Die plant moet in die middel van die pot geplant wees.
- 9.) Die potgrond moet met een of ander versiering bedek wees, bv. met bas of neutdoppe, maar nie met klippies nie.
- 10.) Die pot moet skoon wees en geen name op hê nie. Indien u name wil afhaal, kan u "thinners" of iets dergelyks gebruik. Dra sorg dat dit nie aan die plant raak nie, want dit kan die plant brand.
- 11.) Vermoed 'n warm wind wanneer u die plante gereed kry vir die skou. Die wind beskadig 'n blom baie gou, en 'n pragtige blom kan baie gou in 'n verlepte blom verander.
- 12.) Wanneer dit baie warm is, help dit om die blom met 'n baie fyn sproei water te spuit om hom sodoende vars en mooi te hou.
- 13.) Dra ekstra sorg dat u nie die blom beskadig met die vervoer van die plant nie.
- 14.) Onthou u kan ook 'n plant met mooi saadbessies skou. Gewoonlik word saad lank voor die skou geoes, en vergeet mens dat jy dit ook kan skou.
- 15.) Moet nie blomme te lank voor die skou bestuif nie, aangesien die blomme gouer afgaan sodra hulle bestuif is.
- 16.) 'n Skoublom kom met jare, nie met dae en maande nie. Beskou alle blomme as skoublomme want soms is die verrassing groot.
- 17.) Indien beskadigde blare verwyder moet word, moet dit betyds gedoen word sodat dit nie 'n wit merk aan die stam laat nie.
- 18.) Soms moet blare wat beskadig is, gesny word. Sny deur een blaar op die ander blaar te plaas om sodoende die selfde vorm van die blaar te behou. Vir 'n skou kan u egter nie te veel blare sny nie, aangesien dit teen u plant sal tel.
- 19.) Indien u wolluis het, kan u gebruik maak van 2 tot 3 teelepels wit asyn op 'n liter water om die plante te spuit. Goeie resultate word met die resepte behaal.

Probeer om net die beste plante te hou, aangesien spasie vir die meeste van ons 'n probleem is. Daar is altyd iewers 'n plek vir die plante waarvan u ontslae wil raak. Sulke blomme kan iemand se hart blymaak, want daar is mos nie 'n lelike clivia nie.

Om 'n geskikte skou-datum wat almal pas, te bepaal, is bykans onmoontlik. Die clivia's blom van kweekhuis tot kweekhuis op verskillende tye. Soms op dieselfde perseel.

Wat ek hier sê, is nie die alfa en die omega nie en enige persoon het die reg om met my te verskil.

Geniet u clivia's.

Piet Laubscher.

PORTEFEULJE: NUUSBRIEF

Die afgelope twee jaar se seisoene is deur uiterstes gekenmerk – eers oormatige reën; toe droogte en versengende hitte en die afgelope paar maande koue suidewinde met nagtemperature meesal onder vriespunt. Tot my verbasing het die clivia-plante al die elemente getrotseer. Ek het finaal tot die gevolgtrekking gekom dat 'n Clivia 'n baie geharde plant is. Ek is nou baie meer positief en beslis baie entoesiasties omtrent my klein boerdery.

Dis 'n ou bekende feit dat die natuur teen 15 Julie "begin draai". Op 10 Julie het ek al my plante groot en klein, skoongemaak en toe voeding gegee – die groot plante het almal 'n groot eetlepel 3.1.5 (anorganies) gekry en die kleiner plante een teelepel 3.1.5 (organies). Die plante is goed natgemaak en daarna teruggeplaas. Nou wag ek in spanning om te sien wat gaan gebeur en of die kunsmis 'n waarneembare verskil gaan maak, veral wat die organiese voeding betref. Dit was in elk geval verblydend om op 10 Julie te sien dat tot die geringste klein plantjie reeds nuwe blare uitstoot.

Waar daar lewe is, is daar hoop. Ek glo ons is almal opgewonde oor ons plante en vertrou dat ons 'n mooi "blomme-oes" gaan hê.

JAN STEMMET
(REDAKTEUR)

CLIVIA – KLUB

Die Clivias se blomme begin wys en die verwagtinge is groot. Ek het nou die dag vir iemand gesê, dit is soos ouers wat hul eersteling verwag. 'n Mens wonder wat gaan dit wees, jy spekulêr en dan die groot oomblik as die blom uiteindelik ontvou om sy ware kleur te wys. Wat is lekkerder as om jou eerste kruising wat jy met die grootste sorg beplan het en die saad wat jy ontkiem het, uiteindelik te sien blom. Elkeen droom mos van daardie een uit 'n duisend plant, wat net jy kon teel. Aan die ander kant, daar bestaan nie 'n lelike plant nie en elkeen is uniek.

Ja dit is tyd om ons plante te vertroetel. Ou blare te verwyder en saad af te sny. Die blomme behoort nou te begin wys. Ons blomme is dalk vanjaar 'n bietjie te laat vir die skou, moontlik vanwee die lang winter. As ons teorie reg is, behoort die koue egter vir ons pragtige blomme te gee. As daar rypskade was moet asb. nie te gou die dooie blare afsny nie, dit beskerm die plant teen verdere koue. Sny die blare eers af as dit warmer is en gee hom dan gereeld voeding.

Mag hierdie blomtyd vir elke lid vol blomme wees en maak seker u deel hierdie vreugde met vriende en familie. Ondersteun ons skou die 15 de September 2007. Die sukses van die skou gaan afhang van elke lid se deelname en teenwoordigheid.

VS Cliviaklub moet hierdie jaar sorg dat ons, ons plante aan die wêreld daarbuite bekend stel. Ons kan slegs ons kinderskoene ontgroei, as mense van ons mooi plante kennis neem. Mense stel slegs belang om plante aan te skaf wat bekend is, daarom is naamgewing van uitstaande plante belangrik. Cliviaversamelaars is bereid om groot bedrae geld te betaal vir seldsame naamplante. 'n Suier van Appelblossem Q2 sal jou omtrent R14000 – 00 uit die sak jaag, Green Boy R16000- 00 Charl Green R30000 – 00 ens.

Mooi blomtyd vir u Clivias en mag die blomme u stoutste verwagtinge oortref.

Clivia groete.
Hennie vd Mescht

KWEEK JOU CLIVIAS IN HARMONIE MET DIE NATUUR JAN STEMMET

Die koue suidewind van die afgelope tyd het my meer as een keer na my studeerkamer teruggedryf - darem ook ten goede, want dit het my geleentheid gebied om o.m. oor die kweek van clivias te lees. So het ek ook nagedink oor my eie beskeie boerdery. Ek behoort nou meer as vier jaar aan die Clivia-Klub en alhoewel ek baie geleer het omtrent die kweek van clivias, besef ek dat my kennis inderwaarheid nog baie oppervlakkig is. Ek wil nogtans graag bepaalde kennis met my clivia-vriende deel, nie gesaghebbend nie, maar bloot eie ervaring of boeke-kennis wat ek opgedoen het.

1. BESKIKBARE BRONNE MET BETREKKING TOT DIE KWEEK VAN CLIVIAS

Ek het my die afgelope tyd tot ons bekendste boekwinkels gewend met die oog op 'n nuttige handboek oor die kweek van Clivias, maar sonder sukses, Ek het wel op die volgende naam afgekom van 'n boek wat kan bestel word:

HAROLD KOPOWITZ: CLIVIAS (R480,95) van 'n Britse uitgewery.

Die boek word soos volg beskryf: "Looks at the history and biology of clivia, with information on the plants breeding and cultivation, along with anecdotes from collectors and plant specialists". Dit blyk 'n goeie handboek te wees, maar let op die prys. Benewens artikels wat ek deur die internet kon bekom, het ek die afgelope paar jaar ook waardevolle artikels in plaaslike tydskrifte gevind, soos bv. die volgende:

- CLIVIAS - OUR FLAMES OF THE FOREST HAVE WON WORLDWIDE ACCLAIM (Garden and Home – June 2000)
- INDIGENOUS SHADE PLANTS (S.A. Gardening September 2000)
- JEWELS OF THE FOREST (S.A. Gardening September 2001)
- CLIVIA MINIATA – BUSH LILY (S.A. Garden and Home, May 2001)
- CLIVIA MANIA (S.A. Garden and Home, December 2002)
- CLIVIAS GALORE (S.A. Garden and Home August 2002)
- CLIVIA COUNONDRUMS (S.A. Garden and Home, February 2005)
- GLOW FOR IT (G H Gardening, January 2007)

Hierdie artikels is vir die leek/beginner van besondere betekenis – dit is deur bekende tuinboukundiges geskryf en spreek alle fasette van die plant aan.

Benewens nuusbriewe van die nasionale vereniging sowel as jaarboeke wat op my rak staan, beskik ek ook oor die volgende twee boekies wat sekerlik 'n moet vir elke clivia – entoesias is:

- **KWEEK VAN CLIVIAS** - Lena van der Merwe. Hannes Robbertse. Bossie de Kock.
- **GROW CLIVIAS** – Graham D. Duncan. (Kirstenbosch Gardening Series.)

Hierdie bronne kan die beginner help om 'n ver pad met sy clivias te stap.

2. KWEEK CLIVIAS IN HARMONIE MET DIE NATUUR

Hoe meer ek lees oor die suksesvolle kweek van clivias, hoe meer besef ek dat daar net een uitgangspunt moet wees:

KWEEK CLIVIAS IN HARMONIE MET DIE NATUUR. Om hierdie uitgangspunt na te streef, moet daar, al is dit nou al ou nuus, net weer gekyk word waar clivias in die natuur groei.

- **CLIVIA NOBILIS** in September 1815 naby die GROOT VISRIVIER in die Oos-Kaap ontdek – vernoem na "Lady Charlotte Florentine Clive, Duchess of Northumberland."

- **CLIVIA MINIATA** in 1850 in KWAZULU-NATAL se boswêreld en woudstreke ontdek.
- **CLIVIA GARDENII** is in 1855 in die rivier-gebiede van **KWAZULU-NATAL** gevind.
- **CLIVIA CAULESCENS** floreer in die bosagtige gebiede van **MPUMALANGA**.
- **CLIVIA MIRABILIS** (mirabilis is translated as astonishing: mira culous; to be wondered at) – 2001: a conservation officer, Johannes Afrika, found some unknown plants in the gorges close to Nieuwoudtsville in the **NORTH WESTERN CAPE**.
- **CLIVIA ROBUSTA** kom slegs in die woude van Pondoland in die voormalige Transkei voor. Hou van natter en moerasagtige plekke. – In 2005 bekend gestel.

Alhoewel die clivia-plant in 1854 in Engeland beland het, is hy inheems aan Suid-Afrika. Hierdie plant waarna verwys word as "flames of the forest," "Jewels of the forest" e.s.m., het sy pad na België en selfs so ver as China, Korea en Japan gevind/ Clivia Miniata is so populêr in die stad van Changclun in noord-oos China dat dit die stad se embleem geword het. In Beijing word Mao Tse Tung se gebalsemde lyk in die gedenksaal deur clivia miniata omring. "Clivia miniata became a popular container plant inside the palaces of the last imperial Chinese dynasty because of its symbolic longevity, with beautiful leaves further enhanced by flowers in season," word beweer.

In Suid-Afrika het die belangstelling in die plant geweldig toegeneem. In 1922 is die Clivia-Klub gestig met tans 'n stuk of tien takke dwarsdeur Suid-Afrika, waarvan die Vrystaat een is. As die plant wat so eie aan Suid-Afrika is dan soveel internasionale erkenning kry, kom die vraag onwillekeurig by mens op of die tyd in Suid-Afrika nie ryp is vir groter erkenning op owerheidsvlak nie. Moet sy status in die hierargie van die Suid-Afrikaanse blomme-wêreld soos bv. die protea, nie vasgelê word nie?

WORD VERVOLG

Met my Clivia's op pad skou toe.

Ons nader alweer die lente. Die meeste clivia- entoesiaste, wat myself insluit, kan nie wag dat die clivia's blom nie. Word n mens nie soms verras met pratige blomme nie . Soms is dit 'n eerste blom, soms 'n tweede of derde blom.

Moet nooit 'n blom afskryf as 'n swak blom nie. By ondervinding het ek geleer dat die clivia soms eers met die derde blom tot sy volle reg kom. Ek het twee Polyploid's van Dr. Bing Wiese gekoop wat nie noemenswaardige blomme gedurende die eerste twee jaar gemaak het nie. Met die derde blomslag was dit egter 'n ander storie. Was ek nie verras toe ek van die Pretoriaskou terugkom, en hierdie twee besondere blomme sien nie . Albei plante het blomme van 12 cm gehad. Die hitte het egter nie saam gespeel nie, en die blomme was reeds met ons skou beskadig. Sal ons ooit 'n datum vir ons clivia-skou kry wat almal pas ?

Daar is baie faktore wat 'n bydrae lewer tot 'n goeie blom. Kom ons kyk 'n bietjie na hierdie faktore.

- 1.) Die ouderdom van die plant.
- 2.) Water en voedingsprogram.
- 3.) Temperatuur.
- 4.) Plasing en ligging van die plant.
- 5.) Lig en lug.
- 6.) Die PH van die potgrond of grond.
- 7.) Genetiese oorsprong.

Wat u vanaf die einde Julie kan doen, om 'n bydrae te maak tot die kwaliteit van u blomme is :